Bul van die jaar nominasie

Syferpan Stanmore 47R

SLM 130041

Genomineer deur:

Harley van Rhyn, Wicus Kruger, Bevan Zetler, Louwtjie Louw

Teelwaardes

SLM 130041 is geteel uit ingevoerde semen en sy teelwaardes het gevolglik begin op die basisteelwaardes. Hy het dus met ‘n agterstand begin, wat hy baie vining reg gestel het het deur die prestasie van sy nageslag. Daar is reeds 7 fase D toetse afgehandel waarin daar van sy nageslag was en hulle het almal ver bo gemiddeld presteer veral wat GDT, GDO en skrotum omtrek betref.

Sy eerste dogters het al hulle tweede kalwers en hulle is sigbaar baie maternaal met baie melk en uitstaande uiers hoewel dit nog nie so in sy teelwaardes reflekteer nie. Sy dogters is groot koeie in ‘n medium raam met uitstekende kapasiteit en konstitusie. Gegewe die moederlyn waaruit hy kom met sy moer wat ‘n TKP van 359 oor 12 kalwers het en sy grootmoer met 366 dae oor 9 kalwers is daar baie min twyfel dat sy dogters ook staatmakers in sy eienaars se kuddes sal wees.

Nageslag

SLM 130041 se nageslag presteer uitstaande in Fase D toetse en in die eerste fase D toets waarin sy nageslag was is het al 4 die bulle gekwalifiseer vir nominasie as Elite bulle. Een van hulle, HVR 170003 was dan ook gekies as die Elite bul om die Hereford ras te verteenwoordig en het ‘n top 5 plasing behaal. Vir sy eienaars le sy waarde egter in die tipe verandering wat hy teweeg bring, sy nageslag is besonder goed gevleis, breed, sterk been en ‘n uitsonderlike volume en diepte in die bors en middelstuk. Wat dit uniek maak is dat ouwereldse konstitusie terug gekry is sonder dat daar enigsins in groei en prestasie prysgegee is.

Daar is tans 260 geregistreerde nageslag in 4 stoetkuddes en teen die einde van 2020 sal dit 290+ beloop met koeie wat reeds in kalf is van hom. Wat die syfers nog meer indrukwekkend maak is dat dit bykans almal natuurlike dekking is.

Sy seuns was gewild onder kopers en het baie goed verkoop op die Vryburg en Kuruman veilings vir Miquiline en Lemoenvlei en uit die hand vir die Hoekland kuddes.

Daar is seuns van hom wat in 5 stoetkuddes as stoetvaars gebruik word nl:

LD 160004, LD 160012 en LD 190037in die Miquiline kudde

KJA 170027 in die Lemoenvlei kudde

HVR 170003 in die Hoekland en Zetler kuddes

HVR 170005 in die Bonhaven kudde

HVR 170008 in die Mouton Herefords kudde

HVR 170001 in die Platdoorn kudde

HVR 180004 in die Ganzekraal kudde

HVR 190011 in Ehrenhof kudde

HVR 190008 in Penhoek kudde

HZ 170011 en HZ 180005 in die Zetler kudde

Eie Prestasies

SLM 130041 is gebore met ‘n geboortegewig van 37 kg en het gespeen op 284 kg met ‘n speenindeks van 111

Hy het vanaf die lente 2015 drie dekseisoene per jaar suksesvol afgehandel en reg gekry om uit te groei tot ‘n 1065 kg, raam 5.8 bul sonder enige spesiale behandeling. Hy is ‘n swaar diep bul, wat baie atleties dek en besonders goed beweeg en dek steeds op 7 jarige ouderdom 350 kg verse met gemak.

Skouprestasies

SLM 130041 is nooit geskou nie aangesien hy sedert sy aankoop in September 2015 nog nooit nie besig was om te dek nie.

Die skouprestasies van sy nageslag sluit die volgende in:

- HVR 170003 Vleissentraal Elite bul, top 5 Bloemfontein 2019, Intermediere Kampioen- en Reserwe Grootkampioen bul Bloemfontein 2019
- HVR 180004 Reserwe Bulkalfkampioen Bloemfontein 2019, Bulkalf kampioen en BLUP Kampioen George 2019
- HZ 170011 Intermediere kampioen bul George 2019
- HZ 180005 Reserwe bulkalf kampioen George 2019

- HZ 170002 Intermediere Kampioenvers George 2019, Junior Kampioen vers Moorreesburg 2019
- HVR 180005 Verskalf Kampioen George 2019

Syferpan Stanmore 47R is voorwaar ‘n uitstaande teelbul wat in die kuddes waarin hy gebruik is ‘n groot impak gemaak het en sy nagelsag beloof om dieselfde te doen in die kuddes waar hulle as stoetvaars gebruik word.

Daar is fotos van SLM 130041 en sy nageslag aangeheg.